
# Toerbroers Toerisme Kampus



Toerbroers is die grootste Afrikaanse reisagentskap in Suid-Afrika en is ook onlangs as die Beste van Pretoria aangewys vir hierdie spesifieke kategorie.

As leiers in die bedryf is Toerbroers ook aktief betrokke by die opleiding van die volgende generasie. Toerisme is een van die dryfvere van die land se ekonomie en werksgeleenthede op plaaslike en internasionale vlak is bekombaar met die regte opleiding en praktiese ondervinding.



**By Toerbroers Kampus kombineer ons topgehalte teoretiese opleiding met praktiese ervaring om jou vir 'n suksesvolle loopbaan in die toerismebedryf voor te berei.**

Met ons Cathsseta-geakkrediteerde NQF-sertifikate, internasionale erkenning en ekstra voordele soos 'n Toerisme-paspoort en Noodhulp-sertifisering, kry jy die kennis én vaardighede om wêreldwyd in die toerisme-industrie te werk.

## Die volgende kursusse word by ons aangebied

- Toerisme Kultuur NQF4
- Toerisme Met Natuur NQF4
- Toepaslike Diere Gesondheid, Sorg En Voeding NQF5
- Wildsplaas Bestuur NQF4
- Zanzibar Gasvryheids-bestuur NQF2

## Toerbroers Kampusse 2026

Gedurende 2026 maak Toerbroers gebruik van 9 trek kampusse gedurende die loop van die jaar waar studente teoretiese en praktiesie opleiding kry.

Ons skedule is gebasseer op 'n toerisme kalender waar studente dan 3 weke aan een gaan opleiding ontvang en een week af is. Indien 'n student nie kan huis toe gaan tydens die afweek nie, kan hy/sy aansoek doen om by van ons vennoot lodges / hotelle / plase praktiese ure en ervaring op te doen.

# Hoofkampus: Castle Walk Estate

*14km buite Pretoria op Sefako Makgatho Drive, Castle walk Rd, Roodeplaat*

1 Feb – 27 Feb 2026
1 Maart – 28 Maart 2026
30 Nov – 11 Des 2026

Teorie

## Fokus Areas

- Orientering
- Leer mekaar ken
- Toerisme Teorie

Die kampus is uiters luuks en het alles wat studente mag benodig om hulle studies te vergemalik aangesien dit ook naby hoofweë en winkelsentrums geleë is. Die welige grasperk en tuinareas kan gebruik word vir spanbou en ontspanning en daar ook genoeg veilige parkeerplek vir studente. Die kamers is ruim, modern en toegerus met WiFi en 'n slim-TV. Daar is ook wasgoed geriewe en ons kombuis, met professionele sjef, voorsien daaglikse ontbyt en aandete. Die konferensie lokaal is 'n moderne fasiliteit wat oudiovisueel insluit. Studente sal teoretiese opleiding by die kampus ontvang.





















# Swa-Zulu Game Lodge

*Brits, Noord Wes*

30 Maart – 17 April 2026 | 3 Weke Prakties



## Fokus Areas

- Genetika
- Verskeie diere vir Natuurkunde
- Gasvryheid
- Kampwild
- Verblyfbestuur
- Wildveiling

Swa-Zulu Game Lodge, waar luuksheid en avontuur ontmoet. Studente sal by die lodge die geleentheid kry om praktiese ondervinding in onder andere gasvryheid, lodge en plaasbestuur sowel as natuurkunde op te doen.Swa-Zulu het die toekenning as WRSA se “Tourism Establishment Award” vir 2024 ontvang. Hulle is ook deel van die “Prestigious wildsveilings” waar hulle hulle teelgenetika aanbied op wildsveilings.

Swa-Zulu word deur meer as 1500 gaste per jaar besoek en bied die volgende aktiwiteite:

- Wildteel
- Jag
- Bosveld wegbreke
- Wildsritte
- Funksies
- Trou Venue
- Perderitte
- Bootrit op Roodekoppies dam

18 April – 2 Mei 2026 | Studente Af Naweek


















# Moholoholo Mountain View en Rehabilitasie Sentrum

*Hoedspruit, Limpopo Provinsie*

5 Mei – 23 Mei 2026 | 3 Weke Prakties

## Fokus Areas

Rehabilitasie | Verblyfbestuur | Biome | Gasvryheid

Moholoholo Mountain View bied studente die unieke geleentheid om meer van gasvryheid, wildsplaasbestuur en die onderhoud van so 'n eiendom te leer. Verder kry studente ook opleiding rondom natuurbewaring en rehabilitasie by die wêreldbekende, Moholoholo Rehabilitasie Sentrum, die huis van onder andere, Stoffel die ratel. Studente en vrywilligers van regoor die wêreld kom hierheen om wêreldklas opleiding te ontvang.

25 Mei – 31 Mei 2026 Hoofkampus: Caste Walk, Opedag Voornemende Studente




















# Kwalata Private Game Lodge

*Dinokeng Game Reserve, 35km buite Pretoria*

1 Junie – 19 Junie 2026 | 3 Weke Prakties



## Fokus Areas

- Kultuur en Jeug
- Lodging
- Gasvryheid
- Spanbou
- Natuur

Kwalata Game Lodge is baie uniek in die opsig dat hulle daarin geslaag het om suksesvol 'n kombinasie van toerisme, konferensielokaal, korporatiewe netwerke, gemeenskapsbetrokkenheid daar te stel en om deel te wees van 'n omgewings- en toeristebestemming ontwikkeling. Nie net sal studente hier waardevolle opleiding rondom kultuur, natuurbewaring en gasvryheid ontvang nie, maar ook leer hoe Kwalata ook jaarliks suksesvolle kampe en veldskole vir leerders aanbied.

20 Junie – 30 Junie 2026 | Studente Af Week





# Ukutula Game Lodge

The Farm Klipkop, Brits, Noord Wes

3 Julie – 24 Julie 2026 | 3 Weke Prakties





## Fokus Areas

- Biobanke
- Lodging
- Gasvryheid
- Vrylating van leeus

Die lodge staan bekend as die "plek van stilte" en is geleë in 'n welige bosveld waar die gebrul van die leeu kilometers ver gehoor kan word. Die reservaat bestaan uit 260 hektaar ongerepte bosveld met 'n verskeidenheid wildspesies, insluitend roofdier- en wildsbokspesies, kameelperde, sebras, en meer. Ukutula is ook die tuiste van meer as 130 verskillende voëlspesies. Sedert 2006 is talle professionele soogdiernavorsingstudies uitgevoer deur verskeie wetenskaplike navorsingsinstellings en professionele persone by Ukutula Game Reserve. Tans bied die Ukutula Conservation Centre (UCC) & Biobank 'n aantal navorsingsprojekte aan deur verskeie akademiese instellings en internasionale navorsers en nagraadse studente, insluitend 'n langtermynstudie oor die endokriene / hormonale veranderinge in die leeuwyfie en die invloed daarvan op voortplanting, 'n studie oor die effek van welpie/wild-interaksie op menslike verbintenis met wild en hul verhoudings met die natuur, asook verskeie ander projekte oor kattevoortplanting en kryopreservering van genetiese materiaal van bedreigde wildspesies.









23 Julie – 31 Julie 2026 | Studente Af Naweek









# Toerbroers Renosterkampus

*5km buite Bela Bela, Limpopo*

3 Aug – 21 Aug 2026 | 3 Weke Prakties



## Fokus Areas

Verblyfbestuur | Gasvryheid | Rehabilitasie

Die Toerbroers Renosterkampus is spesifiek gefokus op die rehabilitasie van gestroopde of beseerde renosters. Dit is ook die huis vir 'n hele aantal renosterkalwe wat hulle Ma's as gevolg van stropery of natuurlike oorsake verloor het. Studente kry die geleentheid om meer van renosterbewaring, die sekuriteit wat daarmee gepaard gaan saam met die K9-eenheid en algemene wildsplaasbestuur te leer.
By Toerbroers befonds ons baie van ons natuurbewaringsprojekte deur middel van toerisme inisiatiewe en dis belangrik vir studente om die verhouding tussen die twee te verstaan.

22 Aug – 30 Aug 2026 | Studente Af Naweek

















# Berchtesgaden Wildplaas en Leefstylplaas

*Vaalwater, Limpopo*

31 Aug – 18 Sept 2026 | 3 Weke Prakties

## Fokus Areas

- Jag (Concession)
- Selfonderhoudend
- Vleisverwerking
- Waterberg Bioom

Die naam – “Berchtesgaden” beteken ‘die tuin in die berg’. Berchtesgaden is ‘n Wildsplaas & Leefstylplaas ondervinding-bestemming. Van die mees prominente kenmerke is die plaas se ongerepte ekosisteme, ‘n oorvloed wild en volhoubare boerderymetodes. Die Berchtesgaden Wildplaas & Leefstylplaas is twee afsonderlike stukke grond wat in harmonie met mekaar bestaan. Op die Wildsplaas raak besoekers verlore in die ongerepte skoonheid van die Afrika-wildernis waar ‘n menigte aktiwiteite en avonture wag. Reg langsaan op die Leefstylplaas kom die meeste van wat jy verbruik vandaan, maar ook die plek waar gaste toegelaat word om aan boerdery-aktiwiteite deel te neem en hierdie lewe as hul eie te ervaar.

26 Sept – 3 Oktober 2026 | Studente Af Naweek












# Udolpho Rivierplaas

*Parys, Vrystaat*

5 Okt – 23 Okt 2026 | 3 Weke Prakties



## Fokus Areas

- Geskiedkundige kultuur met FAK
- Gemeenskapsprojek (45 Boere)
- Herbou van akkommodasie

Die terrein is onder leiding van die Voortrekker Monument en die FAK. Die erfenisterrein is ook die tuiste van verskeie bakens oor die Afrikaner se ryk geskiedenis en kultuurerfenis wat 'n unieke, insiggewende ervaring aan Udolpho-gaste bied. Een van die groot projekte wat die studente gaan onderneem is om kultuur, die gemeenskap en toerisme te kombineer om sodoende 'n suksesvolle onderneming daar te stel. Alhoewel die Rivierplaas reeds jare lank suksesvol bedryf word, is daar nuwe lewe en 'n moderne aanslag nodig en dis waar Toerbroers Kampus sy staal gaan wys.

24 Okt – 31 Okt 2026 | Studente Af Naweek













# Kilima Wildsplaas

*Section 15, Old Gravelotte Rd, Tzaneen*

2 Nov – 20 Nov 2026 | 3 Weke Prakties





## Fokus Areas

- Agri Kultuur
- Gewasse
- Internasionale Jag
- Genetika
- Gasvryheid

Diep in die Afrika-bosveld, aan die voet van die Murchison-bergreeks – bied Kilima Private Game Reserve & Spa wêreldklasstandaarde in luukse akkommodasie, nabye wildontmoetings, persoonlike diens en heerlike kookkuns.


Kilima se filosofie "COURAGE ABOVE & BEYOND" spruit uit die Schütte Legacy wat teen alle waarskynlikheid verduur het. 'n Nalatenskap waar ons gesin, in harmonie met die natuur, sake doen vir die komende geslagte.

Studente gaan hier intense opleiding in 5-ster diens beleef waar hulle onder andere met plaaslike en internasionale gaste, jagters en besoekers gaan werk.

21 Nov – 29 Nov 2026 Studente Af Naweek


















## Kampus Kontak Besonderhede

**Corlia Nel**
082 571 0330
admin@toerbroers.co.za